

## Hoe versterk God 'n skaap se geloof?

[Verbond met Abraham (3) – Besnydenis – Genesis 16:1-17:27]

Uit die vorige artikels is dit duidelik dat alle mense óf skape óf bokke is (Sien Artikels: “*Daar is net twee groepe mense: Skape en Bokke*” en “*Hoe word ek 'n skaap?*”). Die mense vir wie God roep en wie God se beloftes glo – hulle is skape, vir hulle sal God geregtigheid gee. Kan ek dit regtig glo? Kom ons kyk hoe God Abram se geloof versterk het toe hý met die vraag geworstel het.

### Abram en Sarai maak 'n plan (Genesis 16:1-15)

Dit is 10 jaar na God aan Abram 'n groot nageslag belooft het. Steeds het Abram en sy vrou Sarai nie 'n kind nie – ten spyte daarvan dat die Here baie duidelik was dat Abram se beloofde groot nageslag deur een van sy eie nasate sal groei. Abram glo steeds die belofte van die Here oor 'n groot nageslag – God het immers al vir hom die sterre gewys as aanduiding van hoe groot hierdie nageslag sal wees, en gedemonstreer dat Hy self verantwoordelik is vir die vervulling van die beloftes. Maar omrede soveel tyd al verloop het en hulle steeds kinderloos is, koop hy in by Sarai se plan dat hy 'n kind by Hagar, Sarai se Egiptiese slavin, moet verwek. Ten minste het hy dan 'n nasaat! Abram is 86 jaar oud as Ismael gebore word.


Maar weer maak die Here dit baie duidelik dat Abram se nageslag sal kom deur 'n kind wat hy by Sarai sal hê (Genesis 17:18-21). Weer moet Abram leer sy verantwoordelikheid is om God se beloftes te glo. God sal sorg dat die beloftes vervul word.

### Besnydenis as verbondsteken (Genesis 17:1-27)

Steeds stap die tyd aan – Abram is nou al 99 jaar oud. Weer verskyn die Here aan hom, en weer bevestig die Here die verbond met Abram: Abram sal 'n groot nageslag hê wat later uit baie nasies sal bestaan, hierdie nageslag sal ten minste aanvanklik in Kanaän woon, en God sal hulle God wees.

Tydens hierdie verskyning verander God Abram se naam na Abraham – wat beteken “*vader van baie*” (Genesis 17:5). Bietjie later verander God ook Sarai se naam na Sara – wat “*prinses*” beteken (Genesis 17:15).

Boonop gee God die opdrag aan Abraham dat elke manlike lid van sy nageslag of huishouding besny moet word (Genesis 17:10). Die besnydenis is 'n teken wat Abraham en sy nageslag deur die eeue wat



volg voortdurend sou herinner aan die inhoud van die beloftes wat God gemaak het. Hoekom is die teken juis die besnydenis? Wel, die saak waarvoor Abraham bekommerd is, is dat hy reeds oud is en steeds kinderloos, terwyl God 'n groot nageslag belowe. Sy besnydenis moes hom en Sara telkens herinner – die nageslag **sal** kom. Weer is Abraham gehoorsaam aan die Here, en op daardie selfde dag besny hy elke manlike lid van sy huis, insluitend homself.

Let op al die genademiddele wat God gebruik om Abraham se geloof in Sy beloftes te versterk:

- God wys vir hom die sterre in die hemel – elke aand as hy die sterre sien, moet hy God se beloftes onthou.
- God beweeg alleen tussen die stukke vleis deur – Abraham kan weet God self neem die verantwoordelikheid vir die vervulling van die beloftes.
- God verander sy naam na Abraham – elke keer as iemand hom roep, word hy herinner hy sal die vader van baie wees.
- God gee aan hom die besnydenis as teken – elke keer word hy en sy vrou herinner die beloofde nageslag sal kom.

Boonop maak die Here aan Abraham bekend dat hierdie verbond tussen hom en God 'n ewige verbond is. Soos wat die geskiedenis verder ontwikkel sal ons sien dat God die verbond ook verder ontwikkel, maar die basis bly dieselfde: God beloof 'n nageslag en 'n land vir Abraham en Hy sal hulle God wees. Hulle, darenteen, moet hierdie belofte glo.

### **Isak word gebore (Genesis 21:1-7)**

In Genesis 17:21 is God baie spesifiek met Abraham: Oor 'n jaar sal Sara geboorte skenk aan 'n seun, en Abraham moet hom Isak noem (Isak beteken “*hy lag*”).

'n Jaar later kom God sy belofte na: Isak word gebore as Abraham 100 en Sara 90 jaar oud is – 25 jaar nadat God Homself die eerste keer hiertoe verbind het! Wat menslik gesproke onmoontlik is – dit doen God. Juis omdat dit menslik gesproke onmoontlik is, bevestig dit dat Isak die kind van die belofte is wat God self vir Abraham en Sara gee. Hy doen wat Hy beloof het – en dit is onbetwisbaar duidelik dat dit God se werk is.

Wat van jou? Glo jy in God en sy beloftes? Wel, dan is jy 'n skaap. Twyfel jy soms of God werklik sy beloftes sal hou? Wel, dan moet jy soos Abraham aan die genademiddele wat God gee om jou geloof te versterk, vashou:

- In die Nuwe Testament het die doop in die plek van die besnydenis gekom. Die doop is 'n teken aan jou van God se beloftes. Hou daaraan vas.
- Hou vas aan die talle bewyse in die Woord wat herhaaldelik bevestig dat God getrou is – soos in die geskiedenis van Abraham. Maar daar is baie meer: Vergewis jouself van hoeveel beloftes in

vervulling gegaan het tydens Jesus se lewe op aarde en hoe dit oor en oor bevestig dat Hy werklik die Verlosser is wat sou kom.

- As God alreeds die ondenkbare gedoen het deurdat Hy sy Seun gestuur het om geregtigheid te bewerk vir die skape, hoekom sal ons dan twyfel dat God ook al sy ander beloftes sal hou? (Rom 8:32)